

31 Mei Handeling 2:14-21

(Teks: 2: 15 en 18)

Vol van die Gees: nugter en vrymoedig

Na die wonderlike gebeure van die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster, vertel Lukas van die eerste preek wat die Gees na" die uitstorting geïnspireer het.

Baie van die mense wat die geluid van 'n geweldige stormwind en die getuienis van die gelowiges gehoor het, het die hele gebeurtenis verkeerd opgesom. Baie het net 'n lawaai gehoor en mense gesien wat met groot entoesiasme getuig het. Hulle het gedink dat die mense dronk was: "Watter nugter mens sal kan glo dat 'n dooie Jesus lewendig geword het?" Petrus het hierdie siening voortreflik weerlê. Die Jerusalemers het tog nie die gewoonte om vroeg in die môre, voor die môre-offer, te drink nie.

Petrus haal dan Joel 2:28-32 (volgens die Septuagint-vertaling) aan. Die vertaling spreek van wat in die laaste dae sal gebeur. Hierdie Skrif is vervul en die eindtyd het begin. Alles wat geprofeteer is, het egter nog nie plaasgevind nie. Baie wonders sal eers aan die einde van die eindtyd ervaar word. In die begin is die Gees wel op alle mense uitgestort. Ook op die allernederigste slaaf en slavin. Die merkwaardige is dat almal in ander tale van die groot dae van God begin getuig het

Om te glo aan die waarheid van die Ou Testament en die opstanding van Christus is nie die verbeelding van dronk mense nie, maar die *nugter getuienis* van die Gees in die mens. Deur die Gees het almal wat dit werklik gehoor het, selfs die nederigste, die *vrymoedigheid* om te getuig. Is jy ook nugter en het jy die vrymoedigheid om te getuig?

Sing Psalm 45:9,10 en 16 Prof. F.N. Lion-Cachet (Emeritus)